

26 September

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 13:1-7
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 13:1-3

Besit, bereik en doen alles met die liefde, dan het dit groot waarde!

U/ek/jy het elkeen 'n unieke persoonlikheid en gawe. Maar met watter gesindheid gebruik jy dit? Met watter gesindheid bedien jou gemeente? Mét of s'nder liefde? Om iets "om te keer" en te vernuwe, verg verskriklik baie genade en liefde. Ons het toerusting uit God se Woord nodig, én ons het in besonder toerusting in ware liefde nodig.

Vandag fokus ons op "liefde", *agape-liefde* = *selfverloërende* liefde. Die liefde begin by God. Hoe gee God sy liefde (Joh. 3:16)? Deur Jesus se kruisdood en opstanding. Hoe word die liefde werklikheid? Deur geloof in God Drie-Enig. Geloof is 'n geskenk. Die Heilige Gees werk in ons met die Bybel.

In Korinte se gemeente is daar baie klem op die individu se *gawes* gelê. 1 Korintiërs 12 verkondig juis dit. Maar die *gawes* is sonder die ware *agape*-liefde gebruik. Die gelowige het homself en sy eie *gawe* eerste gestel, ten koste van die eenheid van die gemeente. Om d'ie rede is 1 Korintiërs 13 geskryf. Die liefde is onmisbaar. Sonder die liefde is die allerbeste waartoe die mens in staat is, leeg, sonder inhoud en waardeloos. Is jy ook geskok?

God gee sy liefde aan jou deur Jesus Christus. God het jou gemaak en aan jou *gawes* gegee, anders as die een langs jou. Die Here roep ons op om ons los te maak van wat in my oë belangrik is, om die *selfverloërende* liefde te beoefen en om waarde toe te voeg.

Dus, besit en bereik en doen alles met die liefde, dan het dit groot waarde. Kyk dan wat die Here deur jou doen!

Sing: Psalm 133-1:1

Ds. J (Joop) van Schaik (Randburg)